Predikante Pensioenfonds
Amptenare Pensioenfonds

9 Junie 2022

Omsendskrywe 4 van 2022

Aan: Alle Deelnemende Werkgewers en spesifiek Kategorie 1 lede (predikante) van die Predikante en Amptenare Pensioenfonds

Geagte Werkgewers en Lede

AGTERSKOTBETALING AAN LEDE EN VOORMALIGE LEDE VAN DIE PREDIKANTE PENSIOENFONDS

In omsendskrywe 1 van 2022 het ek kortliks melding gemaak van die surplusgelde wat ontstaan het toe die Christen Gemeenskap Pensioenfonds se werkgewersurplus vrywillig gelikwideer is en daar aan alle lede 'n agterskotbetaling gemaak sou word:

Lede van die Amptenare Pensioenfonds (APF) wat op 1 Oktober 2013 lid van die Fonds was, het hierdie "agterskot" betalings reeds ontvang. Vroeg in 2022, sal predikante hul aandeel ontvang.

Die likwidateur van die Fonds, Me Manja Serfontein (aktuaris) wat namens *SNG Argen* optree, het my laat weet dat hulle reeds met die proses begin het maar dat hulle nie al die lede se kontakbesonderhede het nie. Sy het voorgestel dat die proses versnel kan word as daar bloot 'n skrywe uitgestuur word wat meld dat daar moontlik 'n agterskotbetaling vir u is en dat u gerus hulle eerder kontak om meer besonderhede te verkry (die waarde van die betaling en die eisvorm). Die kontakbesonderhede vir hulle is:

E pos adres: liq@sng-argen.com
Telefoonnommer: 0860383 683

Uit die aard van die saak geld hierdie betaling vir alle lede wat op 1 Oktober 2013 lid van die Fonds was wat beteken dit sal die meeste predikante wees wat tans aktief in diens is of wat in die tussen tyd bedank of afgetree het. Daarom versoek ek u om ook u emeriti in kennis te stel.

Vriendelike groete

TP Smith

TP SMITH: PENSIOENFONDSBESTUURDER

Sussexlaan 439, Lynnwood, 0081
Posbus 36430, Menlopark, 0102
E-pos: theo@pensioene.co.za
Tel: 012 342 0415
Pensioenfondsbestuurder: Mnr TP Smith